Kalkor (Edms) Beperk
Verona Kantoorpark Nr 1
MacArthurlaan 11
Robindale, 2194
Posbus 1436, Fontainebleau, 2032
Tel: 011 721 3141
Faks: 011 888 7303
E-pos: info@kalkor.co.za
Fax to Email: 086 626 0345
Webwerf: www.kalkor.co.za

09 Desember 2016

Na bykans 53 jaar diens aan die landbou het ek besluit om uit te tree as Besturende Direkteur van Kalkor en my verantwoordelikhede oor te dra aan my dogter, Christelle, wat sedert 2001 'n deurslaggwende rol gespeel het in die winsgewende opbou van die maatskappy. Ek sal wel vanaf 1 Januarie 2017 optree as Voorsitter van die direksie en vir die volgende aantal jare vir Christelle bystaan met die nodige raad en advies, asook my verder besig hou met my gunsteling taak naamlik die verwerking en betalings van kommissies.

Denzel, my skoonseun, wat in 2009 by Kalkor aangesluit het, sal nog steeds verantwoordelik wees vir bemarking en veral met die bystand wat hy gaan verleen aan Christelle.

Laastens, my opregte dank aan my personeel en aan my eggenote, Christine, wat sedert 2000 instrumenteel was in die suksesvolle bestuur van Kalkor.

'n Geseënde Kersfees, en my opregte dank aan elke bemarker/agent wat oor etlike jare sy landboukalkbesigheid aan Kalkor toevertrou het.

Kalkorgroete

David Serfontein

Direkteure: DD Serfontein (Besturende), CJ van Vuuren (Uitvoerende), C Serfontein
Registrasienommer: 80/11541/07 BTW Nommer - 416 011 6838